


# Wiskunde: Rooster model:

Wat is 'n roostermodel:



Dit is wanneer ons wil uitwerk hoeveel items 'n oppervlak bedek. Ons gebruik die horisontale en vertikale as om 'n maalsom te maak.

Kyk na die prent van die saal:



Hoeveel stoele het ek nodig om die saal vol te maak?

Tel jou stoele wat **vertikaal** gepak is: 4 stoele

Tel nou jou stoele wat **horisontaal** gepak is: 8 stoele

Of jy kan herhaalde optelsom maak bv  $8+8+8+8=32$   $4+4+4+4+4+4+4+4=32$


Of jy kan 'n maalsom maak bv  $8 \times 4=32$   $4 \times 8=32$

Doen die volgende in jou werkboek:


## Roostermodel:

Die boer het 3 lande. Almal is nie ewe groot nie. Hy plant solank die eerste ry bome in elke land. Hoeveel bome moet hy plant om al 3 lande vol te maak?


Land 1



Land 2



Land 3



Mooi  
so !!

$$\text{Land 1: } 3 \times 5 = 15 \text{ bome}$$

$$15 + 8 + 6 = 29 \text{ bome}$$

Die boer moet 29 bome altesaam plant.

$$\text{Land 2: } 2 \times 4 = 8 \text{ bome}$$

$$\text{Land 3: } 3 \times 2 = 6 \text{ bome}$$

